CVO GROMAR PRIVAATSKOOL

Posbus 888 * Groblersdal * 0470
Tel. no.: (013) 262 5419/5334
Finansies Faks na e-pos: 086 571 6916
Faks: 0866 05 6158
E-pos: cvogromar@telkomsa.net

Omsendbrief 1/2019 17 Januarie 2019

Geagte Ouers

Almal is terug in die tuig en die jaar 2019 het begin. Ons wil vir almal welkom terug sê by die skool na die vakansie en ons vertrou dat 2019 ‘n baie geseënde en ‘n voorspoedige jaar vir elkeen van u sal wees. Aan al ons nuwe ouers wat by Gromar aangesluit het, 'n besondere woord van verwelkoming. Ons vertrou dat u en u kind/ers gou by ons skool aktiwiteite sal inskakel en baie gelukkig by ons skool sal wees.

Kortliks 'n opsomming rakende 2018:

Die IEB se slaagsyfer was 98,9 %

Die BCVO se slaagsyfer was 94 %

CVO Gromar se slaagsyfer was 100 %

Ons is baie trots op die onderstaande leerlinge wat die volgende onderskeidings onderskeidelik behaal het.

1) **Elizmari Scholtz**:

Verbruikerstudie, Afrikaans, Afrikaans Gevorderde Programme, CLO en Engels

2) **Limari Genis**:

RTT, Besigheidstudie, Wiskunde, Rekeningkunde en CLO

3) **Karla de Beer**:

CLO en Engels

4) **Marné de Jager**:

CLO en Engels

Baie sterkte aan ons Graad 12 leerlinge vir 2019.

Aan ons Graad 8 leerlinge wat oriënteer gaan word, sterkte vir julle. Die matrikulante het hullle reeds al onder hande geneem. Dit is ‘n lekker deel wat julle altyd sal onthou.

Ons wil graag die volgende inligting aan u deurgee:

1. **NUWE AANSTELLINGS**:

Mej. Estie van Eeden is aangestel in die Verbruikerstudie-pos
Mej. Mareli Franken is aangestel in die Gr. 3-pos
Mev. Nadia Lundall-Coetzer is aangestel in die Wiskunde en Wetenskap-pos
Mnr. Wilhelm Jooste is aangestel in die Wiskunde Geletterdheid-pos

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om hulle almal baie welkom te heet en vertrou dat hulle baie gelukkig hier by Gromar sal wees.

2. **SKOOL VAN DIE JAAR**:

CVO Vivo is as die Skool van die Jaar aangewys.

3. **SKOOLBUS**:

Die skoolbus beweeg daagliks vanaf Marble Hall na Groblersdal en weer terug na Marble Hall.
Op die stadium sal die skoolbus tot die einde van die kwartaal om 13:30 vertrek.

Vir enige inligting of reëlings rondom die skoolbus kontak Mnr. Bennie Burger 082 418 5197.

4. **REËLINGS IN VERBAND MET U KIND**:

Ons skool begin elke dag om 07:00. Die klok lui om 06:55. Dan moet alle leerlinge aantree. Die skool kom om 13:30 uit vir die Graad 4 tot Graad 12 leerlinge. (Winter en somer)

Die Kleuterskool asook Graad 1, 2 en 3 leerlinge gaan daagliks om 13:00 huis toe.

Geen ouers sal toegelaat word om die personeel gedurende klastyd te spreek nie. ‘n Orde reëling is dat wanneer u die skool besoek, u eers by die ontvangsdame moet aanmeld. Almal gee klas en daarom sal ons dit waardeer indien u hierdie reëling sal nakom.

Ons doen ook hiermee ‘n ernstige beroep op ouers om asseblief nie voor 13:30 leerlinge by die klasse af te haal nie. Klas aktiwiteite kan nie na wense afgehandel word indien daar kort-kort onderbrekings is met ouers wat leerlinge kom afhaal nie.

Ons vra ook asseblief om sover moontlik dokters-, tandarts- en ander afsprake in die middae te maak sodat die leerlinge alle akademiese klasse kan ontvang wat baie belangrik vir hulle is.

U moet ook weet dat geen leerling toegelaat sal word om deur iemand anders uitgeteken te word nie, behalwe as u vir ons ‘n skriftelike kennisgewing gestuur het. Ons bly vir u kind se veiligheid verantwoordelik.

5. **HOE OM DIE D6 KOMMUNIKASIE AF TE LAAI**:

Hierby aangeheg Bylaag A sodat u die D6 Kommunikeerder op u selfoon kan aflaai. Al die inligting van die skool word op die D6 Kommunikeerder gelaai.

6. **HUISWERKBOEKIE:**

Leerlinge word verplig om die skool huiswerkboekie te koop aangesien al die datums vir die jaar, die skoollied asook die Simboliek van die skoolwapen binne in die boekies is.

Die huiswerkboekie se kostes is R50 per boekie en moet asseblief so gou moontlik betaal word.

Die Gedragskode vir die leerlinge is op die webtuiste en die D6 Kommunikeerder beskikbaar.
U moet uself asseblief vergewis van al hierdie reëls.

7. **SKOOL SE WEBTUISTE:**

U kan ook alle nuusbriewe volg op die webtuiste. Die skool se webadres is www.gromar.co.za

8. **TEMA VAN DIE JAAR**: Verdraagsaamheid.

9. **BRING-EN-BRAAI**:

U word hartlik uitgenooi na die bring-en-braai wat op Vrydagaand, 18 Januarie hier by die skool na die aflosse plaasvind. Bring asseblief u eie eetgerei, vleis, drinkgoed en stoele saam. Pap, sous en vure sal voorsien word.

10. **VERGADERING - GRAAD 10 – 12**:

Al die Graad 10 – 12 leerlinge, ouers en Opvoedingsraad en Hoërskool personeel, moet Vrydagaand, 18 Januarie 2019, vanaf 18:00 tot 19:00 bymekaar kom op die pawiljoen, vir ‘n dringende vergadering.

11. **ATLETIEK:**

Ons huissport vind Vrydag, 18 Januarie en Saterdag, 19 Januarie plaas by Gromar. Dit is verpligtend vir al die leerlinge. Enkele reëlings vir u kennisname is as volg:

Ons beplan om Vrydagmiddag, 18 Januarie om die volgende items af te handel:

15:00 Opening
15:10 O/14 tot O/19 Seuns en Dogters: 800m
15:45 O/14 tot O/19 Seuns en Dogters: 3000m
16:15 Massa aflos O/6 tot O/9 en dan O/10 tot O/19
17:15 Kleuterskool Naellope

Dit is verpligtend dat al ons leerlinge teenwoordig moet wees, aangesien daar aflosse sal wees vir die 0/6 tot 0/19's. Indien daar ouers is wat 'n aflosspan wil maak, laat weet asseblief die Kantoor voor Vrydag.

Saterdag program:

- Beamptes kom bymekaar 6:15
- Leerlinge kom bymekaar 6:30
- Opening 6:50
- Verwelkoming 6:45
- Erekode 7:05
- Dirigente 7:10
- Eerste item 7:30
- Registrasiegeld R20 per atleet
- Programme Sal uitgestuur word op D6
- Toegang Gratis

- Indeling geskied as Riffies (Rooi) en Giffies (Groen)

Indien daar enige ouers is wat wil en kan help met die atletiek afrigting by die skool, (o.a. die Naellope) moet u die skoolkantoor kontak met die nodige besonderhede.

Marmer bied die Noord-Streek byeenkoms aan op Saterdag, 26 Januarie.

11. **SPORT KLEREDRAG**:

Ons toelaatbare sport kleredrag is slegs ons ou/nuwe sporthempie en vloot blou sportbroekie.

Geen ander sportklere sal toegelaat word nie. Ook in ons CLO aktiwiteitsperiodes sal slegs ons voorgeskrewe sportdrag toegelaat word.

12. **ATLETIEK OEFENTYE**:

Aangeheg is Bylaag B met die atletiek oefentye vir hierdie kwartaal.

13. **OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE**:

Ons wil graag u kind se veiligheid verseker en daarom versoek ons u om die op- en aflaai van leerlinge op 'n ordelike wyse te laat geskied. Volg asseblief die pylborde.

Neem kennis dat die hoofhek gesluit is en slegs oopgeskakel word deur u self. Nuwe ouers moet die kantoor skakel om te reël dat u selfoonnommer geregistreer word op die rekenaar. Die hoofhek (pawiljoen) se nommer is 060 939 0832.

Die ingang by die kantoorgebou (hoof ingang) is verbode vir alle leerlinge. Die hek is slegs vir besoekers, ouers en personeel se gebruik.

Die onderste hek (kleuterskool) se nommer is 076 075 0235 en is soggens vanaf 06:30 tot 08:00 oop vir ouers. Daarna word die hek gesluit en moet dit ook gedurende skoolure oopgeskakel word. Dié hek sal dan weer vanaf 12:45 oop wees vir ouers om kleuters te kom afhaal en sal vanaf 14:00 gesluit wees.

Ons vra asseblief dat geen leerlinge by die afdakke waar die personeel parkeer, op- of afgelaai word nie. Geen laerskool of hoërskool leerlinge mag deur die kleuterskool se hek beweeg nie. Dié hek is slegs vir kleuterskoolleerlinge en ouers.

14. **SELFONE**:

Leerlinge mag selfone skool toe bring, maar die selfone moet vanaf 07:00 tot 13:30 in hulle tasse, afgeskakel wees. Indien selfone by leerlinge gekonfiskeer word, sal dit in die kluis toegesluit word tot aan die einde van die kwartaal of daar sal ‘n boete gehef word (R200) om die selfoon vroeër te kan terug kry.

15. **OMGEE-PROJEKTE**:

Ons omgee-projekte vir hierdie jaar is as volg:

1ste Kwartaal	-	Kankervereniging
2de Kwartaal	-	Volkshulp
3de Kwartaal	-	ONS HOU KERMIS!!!
4de Kwartaal	-	Dierefonds

16. **LAER- EN HOëRSKOOL NASORGSENTRUM**:

Die nasorgsentrum word in die skoolkoshuis se studiesaal aangebied vanaf Maandag tot Vrydag en word deur mev. Ina Botha hanteer. Nuwe ouers wat belangstel in die nasorgsentrum, moet ‘n afspraak met die Hoof maak om met hom in gesprek te tree in die verband.

17. **DISSIPLINE**:

Dissipline is vir ons by CVO Gromar baie belangrik en daarom vra ons ook u as ouers se hulp en samewerking in die verband sodat ons almal, d.w.s. personeel, leerlinge en ouers ‘n goeie akademiese jaar sal ervaar en beleef.

Ons sien baie daarna uit om 2019 met u as ouers saam te werk.

Kom ons probeer ook om ons kinders hierdie jaar positief te kry en te hou.

18. **KWARTAAL- EN JAARPROGRAM**:

Hierdie inligting is in die huiswerkboekies aangeteken.

‘n Baie geseënde 2019 word u almal toegewens en mag ons ook almal God se liefde hierdie jaar by CVO Gromar ervaar.

Sterkte vir die kwartaal.

Gromar groete

MNR. G.J. SWART
SKOOLHOOF

✂----------

AFSKEURSTROKIE:

Ek _____ ouers van _____ neem kennis van Omsendskrywe 1 van 2019.

BYLAAG A

HOE OM DIE D6 KOMMUNKASIE PROGRAM AF TE LAAI

Gaan na jou toestel se PlayStore of search op Google vir D6 School Communicator



Installeer, Open en registreer met jou eie naam en eie e-pos adres.



Kies jou land en skool se naam. Jy kan die taal op Afrikaans gaan stel. Kliek dan op die strepies links bo om jou toestel persoonlik te maak, bv. Taal en grade te kies.





Jy kan dan na nuus, kalender of Multimedia gaan kyk.



Inligting word onder Bronne (Resources) gelaai, jy kan huiswerk kyk of na kontakte gaan.



Speel rond met die program vir nog vele meer oulike opsies.

BYLAAG B

ATLETIEK OEFENTYE 2019		
Item	**Tyd**	**Afrigter**
Verspring	15: 00 – 16: 00 Di & Do	Mev . A Genis Mej. M Franken
Gewigstoot	14: 00 – 15: 00 Di & Do	Mev. N. Lundall Coetzer Mev. C de Beer
Spiesgooi	16: 00 – 17: 00 Di & Do	Mej.M van der Ryst Mnr. J Mallo
Diskus	15: 00 – 16: 00 Di & Do	Mnr. M Kruger Mev. T Grobler
Hoogspring		
Hoërskool	15:00 – 16:00 Di & Do	Mev. J. Nienaber
Laerskool	14:00 – 15:00 Di & Do	Mev. R Huysamen
Hekkies	14: 00 – 15: 00 Ma, Di & Do	Mev. J. Nienaber
Turbo – Spies	16: 00 – 17: 00 Di & Do	Mev. Terblanché Mej. C Booysen
Fiksheid en Naellope	17:00 – 18:15 Ma tot Do	Mnr. W. Jooste Mej. E. Van Eeden
Middel en langafstand	17: 15 – 18: 15 Ma tot Do	Mnr. R de Jager
Admin		Mev. A Vosloo